
# VAN DIE WES-KAAPSE S

## Bergskilpad
*Geochelone pardalis*

Die bergskilpad, Suid-Afrika se grootste skilpad, weeg maklik meer as 20 kg en word selfs ouer as 75 jaar. Sy gevlekte dop lyk soos 'n luiperd se vel, en word dowwer met die ouderdom.

Van waar die naam? Al woon hierdie skilpad in bergagtige gebiede, het dit waarskynlik eintlik sy naam gekry weens sy grootte!






**ID:**

swart en geel gevlekte dop, eenvormig bruin by ouer skilpaaie; enigste SA skilpad sonder nekskild


## Rooipensskilpad/ploegskaarskilpad
*Chersina angulata*

Hierdie skilpad is endemies aan die suidelike punt van Afrika, al langs die kusstreke tot by Namibië. Die mannetjies veg met mekaar om hulle gebiede en wyfies te beskerm. Hulle gebruik hulle vergrote nekskilde om 'n opponent om te dop.

PAS OP: Hy hou nie daarvan om opgetel te word nie, nie deur kraaie of mense nie. As 'n selfverdedigingsmaatreël kan hy sy blaas op jou leegmaak!

**ID:**

medium grootte, selde groter as 22 cm; verlengde strooikleurige dop met effens verhewe skilde met swart in die middel en om die kante; rooierige onderlyf, vandaar die naam "rooipensie"; enigste SA skilpad met 'n enkele onverdeelde keelskild wat onder die kop uitsteek, wat meer prominent is by mannetjies






# Padlopers


Hierdie vier pad... langer as 15 cm. ... borsplate het ge... in rotsskeure we...

## Gewone padloper
*Homopus areolatus*

Hierdie aantreklike skilpad word in die suidwestelike kusstreke van die provinsie aangetref, gewoonlik onder 600 m bo seespieël. Hulle is goeie klimmers en klouter maklik teen steiltes uit.


**ID:**

klein, nie langer as 10 cm nie; sterk gehaakte bek (vandaar die volksnaam "papegaaibekskilpad"); vier kloue aan geskubde voorste ledemate; olyfkleurige skild, rooibruinerig in die middel






## Karoo-padloper
*Homopus boulengeri*






**ID:**

afgeplatte dop met brug; wissel van donkerrooi tot olyfgeel; nek en ledemate dofgeel

# Knoppiesdopskilpaaie

Die drie verskillende soorte knoppiesdop... skildpatrone. Hierdie aantreklike skilpaa...

## Knoppiesdop
*Psammobates tentorius tentorius*







**ID:**

verhewe skilde op rugdop; prominente oranjegeel strepe wat uitstraal oor 'n swart agtergrond; gehaakte bek; vyf kloue aan

## Namakwaland-knoppiesdop
*Psammobates tentorius trimeni*






**ID:**

kleinste en mees aantreklike lid van die *Psammobates* familie; klein knoppies op rugdop; duide-